Nguni-kruisings gee meer kilogram vleis per hektaar

Vergeleke met grootraambeeste kan die kruiskalwers van die Nguni-moederlyn meer kilogram vleis per hektaar lewer. Die Nguni bied ook ander voordele, soos goeie moedereienskappe, gehardheid en vrugbaarheid.

Die vleisbeesteler moet daarna streef om die doeltreffendheid van produksie te verbeter. In die algemeen sal enige stelsel wat meer gewig vir slagdoeleindes vanaf ligter koeie produseer, doeltreffender wees as 'n stelsel waar swaar kalwers vanaf swaarder koeie geproduseer word.

Die Nguni-moederlyn is die ideale ras vir kruisteling. 'n Bees vreet gemiddeld 2% tot 3% van sy liggaamsgewig per dag, na gelang van sy grootte. Drakrag word in grootveeeenhede uitgedruk (GVE) en een GVE is 'n os van 450 kg wat teen 500 g per dag groei.

In enige vergelyking tussen koeigroottes moet die beginsel van GVE gebruik word. As die amptelike drakrag in 'n omgewing 7 hektaar per GVE is, dan kan drie koeie van 600 kg wat kalwers van 250 kg speen, op 25 hektaar aangehou word. Die totale speengewig is dus 750 kg.

As 'n Nguni-koei 400 kg weeg en 'n kruiskalf van 220 kg speen, kan vier Nguni-koeie op 25 hektaar aangehou word. Die totale speengewig is dan 880 kg (17% meer).

Die **TABEL** toon duidelik hoe die opbrengs vanaf die veld kan verskil met verskillende tipes beeste. Neem kennis dat geen entstowwe en bestuurkoste hier in berekening gebring is nie. Meer kalwers per hektaar kan geproduseer word met 'n moederlyn met 'n kleiner raam en die eindresultaat van rand in die boer se sak is wesenlik.

Dit is uiters belangrik om 'n rasegte Nguni-koei te gebruik om die volle voordeel van die Nguni se goeie eienskappe te benut, soos gehardheid, vrugbaarheid, langlewendheid en aanpasbaarheid.

Verdere gunstige eienskappe, soos die vermoë om die fetus se grootte te beperk, gemak met geboorte en goeie moedereienskappe maak die Nguni-koei die ideale moederlyn vir kruisteling.

Ander rasse spog met grootte, terwyl Nguni-telers kan spog met meer koeie per hektaar wat elke jaar kalf, 'n kalf goed grootmaak en aanhou kalf tot op 16 jaar of meer. **LBW**

BO: 'n Nguni-koei met 'n stewige kruiskalf. Die Nguni is die ideale moederlyn in 'n kruisteelprogram.

VERGELYKING VAN RASSE OP 1 000 HA MET DRAKRAG VAN 143 GVE

	Bos taurus (groot raam)	Medium-raam	Nguni	Nguni x *Bos taurus*
Koeigewig in kilogram	600	520	370	370
Totale aantal koeie	115	129	166	166
Speenpersentasie	65	75	85	83
Aantal kalwers	75	97	141	138
Gemiddelde speengewig (kg)	250	235	180	215
Totale kilogram geproduseer	18 750	22 795	25 380	29 670
Rand per kg (2011)	20,50	20,30	19,50	20,30
Totaal (R)	384 275	462 739	494 910	602 301
Verskil (R)		78 464	110 635	218 026
Verskil in wins (%)		20	28,8	56,7

Bos taurus, soos *Simmentaler, Charolais, Hereford en Angus*

**Inligting gebruik in tabel is gedeeltelik verskaf deur Piet Warren.*